## DIE OPSTANDING

*Johannes 11:25[i]*

*Jesus maak Homself bekend:* "Ek is die opstanding en die lewe." *Hy is in die huis van Marta en Maria waar, as gevolg van die dood van hulle broer Lasarus, die dood en die rousmart gekom het. Aanvanklik was hierdie bekendmaking van Jesus net woorde, maar kort daarna sou die werklikheid en die waarheid van die woorde vir almal in die huis sigbaar word. Toe die verwerkliking van die opstanding kom het Jesus hierdie waarheid met sy groot dade kom bewys:* "Ek is die opstanding en die lewe." *Met Paasfees, die fees van die* ***kruis****, die* ***graf*** *en die* ***opstanding****, het ons nie net te doen met die woorde wat in die Bybel opgeskryf is nie, ons het te doen met die* feite *en die* werklikheid *van die dood en die lewe. Drie mense is betrokke in dit wat Jesus doen: [i] Oorlede Lasarus in die graf. [ii] Die diep bedroefde Marta in die huis. [iii] Die gebroke Maria aan Jesus se voete. Die troosboodskap wat hulle by Jesus ontvang is die boodskap van die opstanding uit die dood en die ewige lewe. Al is Lasarus dood in die graf is dit vir Hom asof Lasarus net slaap (vs. 11). Almal wat in Christus ontslaap se graf is net die deurgang tot die ewigheid.*



## VERLEDE-, HEDE- EN TOEKOMSMENSE

✷ Christene is ***verledemense***. Christene kyk terug na die gebeure op Golgota en die verlossing wat Christus aan die kruis verwerf het en die opstanding uit die dood en dit beheers jou ganse verlede, dit is die inhoud daarvan.
✷ Christene is ook 'n ***hedemense.*** Hulle beleef die hede as 'n godgegewe geleentheid om God te kan dien in alles van die lewe en ook hulle medemense. Hulle kerjakker nie die hede om op ’n onversadigbare wyse asof dit 'n goedkoop verbruiksartikel is nie. Die hede is God se geskenk aan jou en jy moet dit voluit leef in ooreenstemming met God se Woord.
✷ Christene is ***toekomsmense.*** 'n Christen leef vandag met die oog vertrouend en soekend op die toekoms gerig. Met die hande stewig geslaan om die ploegstert van die hede waar die sooie vrugbare grond omgeploeg word, rig jy die oë vorentoe oor die kontoere van die lewensploegland waar die volgende ploegvore getrek moet word. Jy doen dit want jy is ’n arbeider in die koninkryk van God wat tot sy eer en verheerliking leef. ’n Gelowige is nie ’n onseker mens nie want sy sekerheid lê in God en in al die beloftes van God. Die Christen is 'n *toekomsmens* omdat God die perspektiewe vorentoe deur die gang van die toekoms trek tot met die wederkoms. Dit is waarheen die Bybelse perspektief ons neem. Die toekomsvisie van die gelowige is nie 'n nagdonker trekpad sonder einde nie, 'n donker tonnel sonder uitkoms nie, dit is nie 'n mistige toekomsspieël vol vae onherkenbare figure nie. Dit is 'n helder toekomspad deur God geskilder in die bladsye van sy Woord . *Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 5 | Sondag 19 September 2010 | Nommer 24 |
| --- | --- | --- |

## WAT DOEN DIE KERK?

Te dikwels hoor ’n mens dié vrae uit die mond van lidmate: Wat doen die kerk? Wat het die kerk nou weer aangevang? Smalend word soms gesê die kerk is sus of so. Verwytend word dikwels gemor dat die kerk niks vir my doen nie. Die kerk dink nie aan my nie behalwe as hulle geld nodig het.
Watter gedagte sit agter hierdie vrae?

- Die gedagte dat die *"kerk"* die diakens, ouderlinge en predikante is.
- Die lidmate sien dit dan as "ek" (die lidmaat) en "hulle" (die kerk).
- Daarom word gedurig gevra wat doen hulle vir my.
- Hoe kan ek die beste uit die kerk kry?

As jy eers op daardie punt van jou redenasie gekom het, het die ***kerk*** vir jou die ***kerkraadskerk*** geword en kan jy self besluit wat "hulle" vir jou moet doen en wat jy van "hulle" kan verwag. Dan is die kerk vir jou soos ’n restaurant waar jy by die tafel sit en die kelner bring ’n spyskaart waaruit jy kies waarvoor jy lus is en dit moet dan aan jou bedien word. Of die kerk is vir jou soos 'n trein – jy sit in jou eie kompartement afgesluit van alles en almal en jy wag om die kaartjieondersoeker of die kelner te sien wat vir jou sal vra wat het jy nodig. Jy het dit heeltemal verkeerd! God beskryf die kerk heel anders. Die woord kerk kom van ’n Griekse woord (*kuriakos*) wat beteken *"hulle wat aan die Here behoort".* Die kerk is dus die gelowiges. Die kerk is *jy!!* As jy dus die kerk beskuldig van passiwiteit of koudheid of louheid of onbetrokkenheid, *dan beskuldig jy jouself.* As deel van die kerk, die liggaam van Christus, moet *jy* wees dit wat jy van die "kerk" verwag. As lidmate hierdie verantwoordelikheid besef en uitvoer sal die ***KERK*** heel anders daar uitsien. Dis tyd vir skouer-aan-die-wiel sit!!

*Dr. Nico van der Merwe*

# PREKE VANDAG



**Oggenddiens:**

Vanoggend lei teologiese student Hannes Lee die diens. Ons bid hom die leiding van die Heilige Gees toe met sy optrede en ook met sy studies.

Skriflesing: Ps. 91 (teksverse: vers 1 en 14)

Tema: **IN GOD IS ALMAL WAT GLO VOLKOME VEILIG**

1**. *God self waarborg Sy kinders se beskerming van gevare***
- God is die enigste beskerming waarop gelowiges kan hoop.
- God se beskerming is ewig
- God se beskerming is volkome

2. ***God eis gelowige reaksie vir hierdie beskerming***
- Ons moet God se beskerming opsoek
- Ons moet op God vertrou
- Ons moet God aanhoudend loof, eer en dank vir Sy beskerming

3. ***Diegene wat God aanroep, ontvang God se ewige redding***
- God se beskerming is nie net vir die aardse lewe nie.
- Sy beskerming behels die belofte van die redding uit die aardse lewe tot die ewige lewe saam met Hom
- Hierdie belofte maak Hy aan diegene wat Hy lief het op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus.

**Aanddiens: DEUR SY WOORD OPEN GOD ONS OË OM HOM TE KEN**

Lukas 24:27

Eers het die twee manne wat saam met Jesus na die dorpie Emmaus gestap het, hom nie herken as Jesus – as die Messias nie. Hulle het wel die Bybel van hulle tyd (die Ou Testament, Moses en die profete) gehad, maar die skrifgeleerdes het nie vir hulle die Skrif reg uitgelê sodat hulle Hom daarin sou leer ken nie. Jesus het egter uit dieselfde Skrif vir hulle van Hom vertel. Vandag werk God nog so: Jy kan Jesus as die Messias, die Koning en Verlosser, slegs ken en in Hom glo deur die werking van God deur sy Woord en Heilige Gees. Daarom moet ons die Woord van God ywerig bestudeer sodat ons God en Jesus Christus al hoe meer en beter sal ken, en in ons geloof in Hom sal groei.



DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

## Artikel 14 : GELOOF IS 'N GAWE VAN GOD EN NIE 'N AANBOD AAN DIE VRYE WIL VAN DIE MENS NIE

So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en in hom ingestort word.. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.

## Artikel 15 : GOD IS SY GENADE AAN GEEN MENS VERSKULDIG NIE

Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor hy dan vergoed moet word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig, en hy dank God ook daarvoor.
Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae of beroem hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie.
Verder moet ***oor hulle*** wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binnenste van die hart is aan ons onbekend.
***Vir die ander,*** wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid, wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie.

- **Selfbeheersing beteken dat ek God moet toelaat om my lewe te beheer.**
- **'n Toe mond vang nie vlieë nie.**
- **'n Mens het dikwels baie vriende – totdat nood die aftreksom gemaak het.**

## GELOOF IS LEWENSAANVAARDING

- Toe God Eva vir Adam gee, noem Adam haar *"**vrou**"* (Gen. 2:23). Die Hebreeuse woord vir man en vrou is byna dieselfde (man = ish, vrou = *ishah*).
- In Genesis 3:20 verander Adam haar naam van *ishah* na ***Eva*** (Eva beteken *lewe*).

In die *naamsverandering* het Adam die lewe aanvaar wat sopas deur God onderwerp is aan die oordeel van die dood. Toe die mens in sonde geval het, is die volmaaktheid van God se skepping verbreek. Daar het stryd, onrus, rusie, moord, doodslag, ellende gekom! God belowe dat Hy die lewe sal laat oorwin. Daar is nie een hoofstuk vir die vonnis van God en 'n ander hoofstuk vir God se genade nie.

- Die belofte is in die vonnis ingeweef.
- Met pyn en smart sal die vrou lewe skenk aan haar kinders (pyn, smart> *lewe*).
- Met sweet en swaarkry sal die man daagliks brood verdien (swaarkry> *brood*).

Wie haal die vonnis uit die lewe? Wie skei genade van die oordeel? Selfs toe God vir die mens velklere gemaak het, het hulle in die dood van 'n dier die vloek (dood) in die seën (klere) gesien (Gen. 3:21). Toe reeds het die mens besef dat God iemand anders in die dood gaan oorgee (vloek) om aan sy kinders die lewe (seën) te bied. Toe Adam sy vrou se naam verander van *"mannin"* na *"EVA"* (moeder van al die mense) wys hy dat hy die lewe aanvaar wat God gee. *Geloof is lewensaanvaarding!* Dié lewe wat die stempel dra van God se diepgaande oordeel. Geloof let nie net op die oordeel en straf van God nie, maar ook op sy genade. Geloof bring jou dus eers by die oordeel – want hoe sal jy van verlossing kan praat sonder dat jy die sonde en die oordeel ken? Geloof is lewensaanvaarding in Jesus, die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). In Hom aanvaar ons die lewe soos dit is. Hý het immers vir ons die lewe verwerf

*Dr. Nico van der Merwe.*



## SUSTERS



Saamroepster vir September: Ansie van Vuuren
Hospitaalbesoekbeurt Anncron: Marlène Lemmer
Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:
September 2010: Wyk 8 en 22
Oktober 2010: Wyke 9 en 23

**Uit die Woord**

'n Verstandige mens sien onheil kom en sorg dat dit hom nie tref nie, onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor.
Spreuke 27:12

**Wyse Woorde**

As dinge in 'n verkeerde rigting loop, moenie saamloop nie.
R. Babson

## KINDERHUIS

Tot groot vreugde van die huismoeder en al die kinders in Huis 3, het 'n weldoener uit ons gemeente 'n splinternuwe yskas gekoop en is dit reeds Maandag by Huis Vergeet-my-nie afgelewer! Wat 'n wonderlike gebaar van vrygewigheid! Die diakens betrokke by die Kinderhuis, sowel as die inwoners en die huismoeder, Anna Bester, betuig hulle hartlike dank aan hierdie persoon!

Dit gee beslis kwaliteit aan hulle lewe !

- As meer mense hulle meer kwel oor hoe hulle is, as hoe hulle lyk, sal die Satan in meer gevalle moet wyk.
- Die enigste manier om te keer dat mense in jou keel afspring is om jou mond toe te hou.
- Swyg, totdat jy weet wat om **nie** te sê nie.

**KOLLEKTES**


| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 19 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 19 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 26 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 3 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 10 Oktober | Barmhartigheid | Pro Ecclesia Beursfonds |



**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 19 September tot Saterdag 18 September 2010


| | | |
|---|---|---|
| Sondag 19 September | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 19 September | Katkisasie Les 19 | 10:30 |
| Sondag 19 September | Erediens | 18:00 |
| Donderdag 16 September | Inbetaling Kerklike bydrae | 17:30 |




**TEESKINKBEURTE**

| | |
|---|---|
| Sondag 19 September 2010 | Wyke 1 & 2 |
| Sondag 19 September 2010 | Wyke 3 & 4 |
| Sondag 26 September 2010 | Geen teeskink/Vakansie |
| Sondag 3 Oktober 2010 | Geen teeskink/Vakansie |
| Sondag 10 Oktober 2010 | Wyke 9 & 10 |
| Sondag 17 Oktober 2010 | Wyke 11 & 12 |





## HERINNERINGSBOEK


Het u al iets vir hierdie boek gestuur? Dit kan 'n goeie wens, 'n boodskap, 'n storie of anekdote, rympie of resep of tekeninge (deur die kleintjies) wees. Foto's is ook welkom (skryf net u naam agterop as u die foto wil terughê). Gee dit direk aan Christa Snyman, wat baie moeite doen om 'n herinneringsboek van die gemeente vir dr. Andrè en Hettie saam te stel. U kan dit ook in die "Storieboks" in die voorportaal pos, of 'n e-pos stuur aan fjsnyman@telkomsa.net. **WEES GERUS DEEL VAN HIERDIE PROJEK!** Baie dankie aan almal wat alreeds bygedra het!



**VERJAARDAE**

| | |
|---|---|
| 19 September | Arenda Putter |
| 19 September | Ciena Viljoen |
| 22 September | Cathy Smit |
| 22 September | Tannie Erica du Plessis |
| 23 September | Melissa Kruger |
| 23 September | Liandrè Matthyser |
| 24 September | Tannie Lenie Pretorius |
| 25 September | Inge Kruger |
| 27 September | Marlene Lemmer |
| 28 September | Hannie Cornelius |
| 28 September | Mari van Greuning |
| 28 September | Danita Kruger |
| 29 September | Eljana du Plessis |
| 29 September | Flip Schutte |
| 30 September | Tannie Issie Fourie |
| 30 September | Monica Grobler |
| 1 Oktober | Minke Blignault |
| 2 Oktober | Andrè Grovè |
| 2 Oktober | Tannie Lidi Botha |
| 2 Oktober | Rizaan Olivier |
| 3 Oktober | Riana White |
| 4 Oktober | Louis Strydom |
| 6 Oktober | Ben Hanekom |
| 8 Oktober | Sonyen Steenkamp |
| 8 Oktober | Piet Putter |

Mag u almal 'n Geesvervulde en geseënde nuwe lewensjaar beleef. Leef voluit en met blydskap in u harte!



**DRINGEND DRINGEND DRINGEND DRINGEND**

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk:** sweiswerk, houtwerk loodgieterswerk of teëlwerk.
Skakel asb. Corrie Botha
**018 484 4774 of 083 429 4824**.

## GLOBAL CHALLENGE


***Tiaan Mocke***, seun van ***br. Johan en sr. Hanlie Mocke***, is gekeur om deel te wees van 'n 3 maande sendingreis rondom die wêreld. Hierdie reis gee aan jongmense die geleentheid om die boodskap van die Evangelie regoor die wêreld uit te dra, mense in nood te bedien, ondersteuning te gee aan sendelinge in die buiteland, te groei in diensbare leierskap en begrip te kry van verskillende wêreldkulture. Die koste van hierdie reis beloop R55 000, wat die student self moet betaal. Dit dek visas, vliegtuigkaartjies, binnelandse vervoer, etes, verblyf en opleiding. U kan Tiaan ondersteun deur 'n eenmalige bedrag by te dra of deur 'n maandelikse debietorder te teken. U ondersteuning is van groot waarde, aangesien hierdie geleentheid nie sonder u moontlik kan wees nie! Vir meer inligting, gaan na die webwerf www.gceg.org. Vorms met info om Tiaan geldelik te ondersteun, is in die voorportaal beskikbaar. WEES GERUS 'N VENNOOT IN DIE UITDRA VAN DIE EVANGELIE!

## ELEKTRONIESE OORPLASINGS – KERKLIKE BYDRAES

Ongeveer 30% van ons lidmate plaas gereeld hulle maandelikse bydraes elektronies oor. Dit is maklik, veilig en gerieflik. Ons bankbesonderhede is soos volg:
ABSA Tjekrekening: 950 340 916
Plekkode: 334-338
*Maak asseblief seker dat u naam en wyknommer verstrek word.*
*P. Kruger*
Kassier



## LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE



- ***Br. Kobus en sr. Annelise Booysen*** se seun, ***Eduard*** is steeds in die Wilmed. Hulle het na 10 dae die behandeling met antibiotika gestaak. Sy linkerlong is baie swak. Ons bid julle onder hierdie besonder beproewende omstandighede die Here se krag en leiding toe.
- ***Sr. Louise Smit*** was in die Wilmed vir behandeling. Ons bid jou beterskap toe.
- ***Br. Alwyn van Rooyen*** was siek in die Wilmed. Ons hoop jy is sommer gou heeltemal gesond. Baie sterkte!
- ***Sr. Lisa Smit*** – wat onlangs belydenis van geloof afgelê het – is op die leerlingraad van Hoërskool Schoonspruit verkies. Baie geluk en mag die Here jou lei om die werk met onderskeiding te doen.
- Eerskomende Vrydag, 24 September 2010, is ***br. Hennie en sr. Martie Strydom*** 50 jaar getroud! Baie geluk! Ons dank en loof ons hemelse Vader dat Hy julle so lank en gelukkig vir mekaar gespaar het. Mag julle nog heerlike geseënde jare saam hê. Ons deel graag in julle vreugde!
- ***Sr. Lizèl Pretorius*** vertrek eersdaags vir 'n uitgebreide toer na Engeland, Italië, Frankryk en Duitsland. 'n Groot deel van die toer het met haar werk te doen. Sy dien in die SAPD. Vroeër het Lizèl nege jaar lank in Engeland gewerk. Baie sterkte en seën vir jou – ook vir Jan wat agterbly!
- ***Oom Peet van der Walt*** was voor verlede week in Bloemfontein in die hospitaal waar hy 'n lensoorplanting ontvang het. Ons hoop dat Oom sommer gou baie beter sal wees en weer gemaklik sal kan sien.
- ***Br. Chris en sr. Alida Buys*** was betrokke in 'n motorongeluk met baie skade aan hul motor. Ons is dankbaar dat hulle lewens gespaar is, al het hulle albei beserings opgedoen. Mag julle gou weer perdfris wees!

- **Dit is nooit te laat om van jou vooroordele ontslae te raak nie.**
- **As ons ons hande in gebed saamvou, maak God sy hande oop.**
- **Wees dankbaar vir die baie goeie mense wat jy ontmoet, en gee die baie wat jou ontmoet rede om ook só oor jou te voel.**

## 55-PLUSSERS

Oud maar beslis nie koud nie! Hierdie groep in die gemeente het verlede week hul bedrywighede vir die jaar afgesluit en al die elemente van ŉ genotvolle en betekenisvolle aand was daar: Ons het saam gebid, geëet, gelag, ŉ traan weggepink, herinneringe gedeel, na beproefde raad geluister, ŉ heildronk op die predikantspaar gedrink en ons verstom aan die "Grovè-gesin in Wol" (ŉ skepping deur Christa Snyman) voordat ons weggeval het aan die verleidelike poedings wat die voortreflike ete afgesluit het. Aan almal wat daartoe bygedra het om hierdie jaar se byeenkomste so spesiaal te maak: ŉ klop op die skouer en ŉ dankie uit die hart. Ons sien uit na volgende jaar!

## BOUFONDS

Die gemeente word weereens opgeroep om ruim by te dra tot hierdie fonds, wat tans op R12 000 staan. Dringende herstelwerk moet aan die pastorie gedoen word en u samewerking word hoog op prys gestel.

DANKIE BY VOORBAAT!

## DANKBAARHEIDSFONDS

Die gemeente het vir 2009 R4374 bygedra tot die fonds. Dit beloop R12.22 per belydende lidmaat, en was heelwat minder as die R25 per belydende lidmaat wat as mikpunt gestel was. Tot dusver (Julie- storting) is nog net R950 ontvang. Ons sal dus vir die volgende 6 maande bietjie skouer aan die wiel moet sit!

Kassier



## EMERITERING DR. ANDRE GROVE

Volgens Kerkorde artikel 13 emeriteer dr. Andrè Grovè op Sondag 3 Oktober 2010. Hy is op 2 Oktober 2010 65 jaar. Die program vir Sondag 3 Oktober 2010 is soos volg: Om 09:00, voor die diens, vind daar ŉ *classis contracta* (verkleinde of saamgetrokke klassis) – vergadering plaas. Die handelinge en besluite van hierdie vergadering word gerapporteer aan Klassis Vryburg. By hierdie *classis contracta* dien die volgende vier sake:

1. Daar moet toegesien word dat ŉ kworum van die ouderlinge van Klerksdorp-Noord teenwoordig is.
2. Afgevaardigdes van twee naburige gemeentes (twee uit elkeen van Klerksdorp en Stilfontein) moet met kredensiebriewe teenwoordig wees.

   Twee dokumente dien in die vergadering:
   (i) Die ***akte van bevestiging*** van dr. Grovè toe hy op 21 Januarie 1990 hier bevestig is.
   (ii) Die ***besluit van Klassis Noordwes*** (saam met deputate van die Streek-Sinode Noordwes) van 15 September 2009 dat sy emeritering bewillig word.

Dr. Nico van der Merwe tree in die plek van ons konsulent, dr. Jan Lion-Cachet, as voorsitter van hierdie vergadering op. Hierdie *classis contracta* bekragtig finaal die emeritering. Die besluit neem beslag in ŉ "***akte van emeritering***" wat deur die kerkraad (konsulent en skriba) en ook deur die vier afgevaardigdes onderteken word. Vier kopieë word onderteken – een elk vir: die kerkraad, dr. Grovè, die Klassis en die Administratiewe Buro. Dit is ŉ lang proses met baie papierwerk en handtekeninge, maar dit is mooi en ordelik.

Ψ In party mense se Christenskap is die goed en die kwaad minder onderskeibaar as die geel en wit in roereiers.

Ψ Liefde sonder hoop is dikwels die voorloper van wanhoop. Maak jou dus los van die eer-ste, voor die laaste jou vas het.